# 8 September 2023 - Lesing 121 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd - DEEL 2

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Vrees is gebrek aan geloof – 24/11/59

**NO: 7462** Dit is My Wil dat julle nie vrees nie, maar steeds alleen glo in 'n liefhebbende en almagtige God en Vader, **wat julle nie in julle nood sal laat nie**. Vrees is egter 'n gebrek aan geloof. Om vrees te hê is 'n onbekendheid met die Liefde en Almag van God, Wie julle Vader wil wees. Want sodra julle glo dat Ek julle so liefhet, soos 'n Vader Sy kind liefhet, kan julle ook seker daarvan wees dat Ek julle niks sal laat oorkom nie, wat ookal die vyand van julle siele ooit teen julle sal onderneem.

My beskermende Vaderhand is steeds bereid om in te gryp wanneer dit daarom gaan om aan My kind redding te bring in sy nood. **En julle is in nood as julle vrees, hetsy liggaamlik of geestelik**. Julle is in moeilikheid as julle ongerus en moedeloos is, omdat julle nie die geloofskrag besit dat niks met julle kan gebeur nie, solank julle julleself nie tot My wend en My vra om beskerming en hulp nie.

Maar ofskoon julle verstand dit self keer op keer vir julle sê, bly julle hart tog angstig en bedroef. En dit is **wanneer julle juis self uitkoms moet bring**, **deurdat julle die band met My, julle Vader van ewigheid, so innig as moontlik tot stand moet bring,** Wie alleen daarop wag dat julle in innige gebed na My sal kom en dat julle julle sorge aan My sal toevertrou. Hierdie innige oorgawe aan My verlang Ek, om ook aan julle hart die innerlike rus te verskaf, wat nog by julle ontbreek.

Julle moet na My toe kom met al julle verlangens en op heel kinderlike wyse om hulp vra - en Ek sal julle verhoor, omdat Ek julle liefhet soos wat 'n Vader sy kinders liefhet. Hoe moeilik geval dit julle egter om dikwels na My toe te kom en met My samespraak te hou. **Hoe dikwels bly julle ver weg en kwel julle julleself met julle sorge**, - terwyl dit tog so eenvoudig is om dit deur My te laat dra en vry daarvan te word.

Julle het 'n liefhebbende Vader, wat vir julle julle aardse lewe graag mooi sou wil vormgee, as julle maar net self aan My die reg daartoe sal gee deur die vanselfsprekendheid van 'n innige band met My. **Wie met My verbind is, ken geen nood meer nie.** Maar die moeilikhede begin sodra julle die band losmaak, omdat Ek geen kettings vir julle aansit nie, maar eerder julle **vrywillige oorgawe** aan My verlang.

Dit moet julle laat sien deur innige liefde en vertroulike kontak, deurdat julle al julle sorge aan My sal toevertrou en My sal vra dat Ek dit van julle afneem. Dan hoef julle maar te wag en dit sal gebeur soos wat julle dit begeer, - **julle sal vry wees van alle sorge.**

En as julle bedreig word deur die kragte van die duisternis, ook dan hoef julle geen angs te hê nie. **Want hulle kan julle niks doen solank julle wil vir My geld nie**, solank julle verlange uitgaan na My en die uiteindelike vereniging met My.

En stel daarom aan julleself steeds net die vraag waarna julle innerlikste verlange gerig is. En as dit My betref, dan kan julle ook vas daarop vertrou dat ook Ek My verlange na julle nie sal opgee nie, - dat Ek julle sal beskerm teen alle benoudheid, vanwaar dit ookal mag kom.

Eenmaal wil Ek julle weer besit en sal daarom nie toelaat dat julle vir My verlore gaan nie, solank julle My as doel het en na My streef. **Daarom is alle sorge en angs onnodig,** want dan behoort julle aan My en sal julle Myne bly vir ewig. Amein.